# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## No. 17
## Vrou in die Skaduwees



**braam le roux**

Voetjie vir voetjie kruip hy teenaan die toonbank langs, totdat 'n tree hom van die deur af skei. Net een sprong en hy kan buite wees. Hy staan 'n oomblik na asem en snak en maak hom gereed vir die sprong. Êrens buite slaan 'n kerkhorlosie vieruur en skielik lui die telefoon op die Sersant se lessenaar. Hy tel die spreekbuis dadelik op. Lukas is gereed om die sprong te gee. Net voor hy spring, draai die knop van die deur hier teenoor die toonbank waar Kobus Roode slaap. Die bankklerk verstyf in sy spore, maar toe hy sien dat die deur van die vertrek begin oopgaan, spring hy.

Stofomslag: Chris du Plooy

# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

No. 17

## Vrou in die Skaduwees



## INHOUD


| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Die Swart Portmanto | 3 |
| 2. Volop Agterdog | 15 |
| 3. Nuwe Feite | 27 |
| 4. Vrou in die Skaduwees | 38 |
| 5. Stem uit die Donker | 50 |
| 6. Middernagtelike Jag | 62 |
| 7. Oggendskaduwees | 74 |
| 8. Geel Mynhope | 86 |


## Hoofstuk 1

## DIE SWART PORTMANTO

Die klank van klinkende munt wat haastig getel word, vul die hele groot vertrek van die bank in die middestad. Dit is nie net 'n koue Septemberoggend nie, maar dit is bowendien Maandag en die dag voor die einde van die maand. Op aandrang van die rekenmeester het die meeste klerke en kassiers vanoggend vroeër as gewoonlik ingeval, want vandag en môre sal weer besige dae vir die kassiers agter die toonbank wees. Daar is 'n paar groot firmas wat vanoggend en môreoggend etlike duisende rande by die Bank sal kom haal om hulle werknemers se salarisse uit te betaal, en vanoggend is die swaar brandkas reeds vroeg oopgesluit om van die surplusse by te haal sodat die nodige uitbetalings in kontant gemaak kan word wanneer die groot tjeks die een ná die ander oor die toonbank onder die kopertraliewerk deur gestoot word.

Dit is optelmasjiene wat raas, dit is haastige bevele en dan maar weer die ou musiek van geld wat in sy hande val, wat aanhoudend in Lukas Meiring se ore opklink. Lukas se bewegings is vanoggend vinniger as gewoonlik. Dit is asof daar 'n onrus is wat hom senuweeagtig stem. As hy so voel soos hy vanoggend voel, dan werk hy vinnig, maar hy is nie altyd sekuur nie. Daarom moet hy die hope silwergeld wat hy tel, twee-drie keer oortel. Lukas is baie bly dat daar firmas is wat hulle groot geld al vanoggend kom haal. As almal presies en stiptelik op die laaste dag van die maand moes kom, sou hy dit waarskynlik nie kan oorleef nie. Hy kyk telkens op en dan oor die muurafskorting wat hom van sy kollegas skei. Dit is asof die anders stil Lukas vanoggend geselskap soek om hierdie snaakse onrus in hom te smoor, maar ou Piet Kohl hier langs hom is besig om muntstukke te hanteer en aan die ander kant van Lukas werk die rekenmeester ook reeds kop vooroor geboë. Hy hoor dat die rekenmeester besig is met 'n telefoonoproep.

Oor 'n halfuur moet daardie groot deure oopgaan en dan is dit die gesoem van baie stemme en die dreunende gelag van die kliënte wat sal vermeng met die geluide van Mammon.

„Môre, Lukas," klink 'n fluweelsagte meisiestem hier agter Lukas op. Hy swaai dadelik om, 'n klomp geld in sy hand.

„Môre, Christa. Het jy nou eers ingekom?"

„Ja, ek kon vanoggend nie wakker word nie. Jy moet nie weer so stout wees om eers twee-uur te loop nie."

Haar oë straal terwyl sy dit sê, en Lukas se gelaat, wat byna altyd stroef is, glimlag. Haar stem en haar oë wek by hom 'n oorweldigende, innerlike vreugde. Hy is agt-en-twintig jaar oud en het nooit van meisies gehou nie. Christa is die eerste een in wie se geselskap hy lank, lank wil bly. Hy weet nie hoekom nie, maar die ander meisies het hom nooit so laat voel soos sy hom laat voel nie. Christa laat hom voel asof hy werklik iets is. Christa se teenwoordigheid verdryf hierdie gevoelens van minderwaardigheid wat hom so dikwels las gee. Sy laat hom voel asof hy belangrik is, selfs al dra hy 'n dik bril, selfs al is sy hare kort op sy kop geknip, selfs al is sy oogbanke so priminent.

Hy antwoord haar nie, maar die uitdrukking op sy gelaat verraai dat hy innerlike vreugde smaak.

„Daar is net een ding wat my gisteraand gehinder het, Lukas," praat sy weer en sy is net lank genoeg om bo-oor die houtafskorting te loer; 'n klein, tengerige meisie, met rooi wange en groot, blou oë wat nog helderder blou vertoon in teenstelling met die pers tabberd wat sy aanhet, en daardie pikswart hare.

„Wat is dit, Christa?"

„Jy was so senuweeagtig, so gejaagd. Dit was so asof jou gedagtes telkens afdwaal. Ek het jou lank dopgehou, nou toe jy besig was om die geld te tel. Daardie onrus is nog by jou. Jy is deesdae nie meer soos vroeër nie."

Lukas kyk 'n slaggie na die rekenmeester se kant toe en toe hy sien dat die oubaas net oë het vir die boek voor hom, stap hy nader na Christa toe.

„Jy verbeel jou dinge, Christa. Eers was ek stil; nou babbel ek net meer."

„Maar toe jy stil was, was jy jouself, was jy rustig. Ek ken jou al goed."

Lukas wil iets sê, maar dan loer die rekenmeester oor die afskorting en roep na Lukas:



„Mnr. Meiring, kom 'n oomblikkie hier! Mnr. Kohl moet saamkom!"

Christa stap dadelik en gaan neem haar plek agter 'n imponerende masjien in waarmee sy dag ná dag bedrag ná bedrag op die kredietstate van die kliënte tik.

Lukas roep na Piet Kohl en die kassier verlaat sy hokkie onwillig nadat hy dit agter hom gesluit het.

„Wat wil die ou snaar nou weer hê?" brom Piet toe hy hier by Lukas verbyskuur.

„Ek weet nie. Ek weet net ek is besig."

„Ek ook."

Piet klop, stoot die rekenmeester se deur oop en gaan binne, gevolg deur Lukas.

„Môre, kêrels," groet die oubaas. „Stutterheims het nou net gebel. Hulle wil hulle geld vandag hê."

Piet Kohl frons en Lukas kyk skielik weg en staar deur die venster waar die strate reeds wemel van voetgangers en toeterende motors. Piet Kohl weet dat Stutterheims 'n reusefabriek is op Elsiespruit, ongeveer veertig kilometer van die stad af. Daar is huise vir die werknemers om die fabriek gebou. Daar is 'n paar winkels, 'n garage en 'n hotel, wat egter ook aan die fabriek behoort. Daar is egter geen bank nie. Daar is slegs 'n takkantoor wat net vier of vyf keer in die maand oop is. Dit is gewoonlik aan die einde van die maand en dan weer iedere Vrydag sodat die tjeks van weekliks betaalde werknemers uitbetaal of geld deur hulle belê kan word. Vir die doel word daar spesiaal drie bankklerke soontoe gestuur. Iedere maand word R120,000 in 'n groot swart portmanto van die Bank na Elsiesspruit geneem. Die betaalmeester van Stutterheims en sy assistent kom dan gewoonlik in die buurt van elfuur met 'n enorme tjek na die takkantoor, stoot dit oor die toonbank en neem die swart portmanto met geld, klaar getel en gerangskik deur die Bank, in ontvangs. Die orige ure van die dag stroom die werkers van die dorpie na die bankie om hulle geld te gaan inbetaal of geld op hulle spaarbankrekeninge te deponeer.

Die meeste klerke hou daarvan om Elsiesspruit toe te gaan. Dan kom hulle tog weg van die gesloer in hierdie groot bankgebou, al beteken dit dan ook dat hulle daar anderkant in die takkantoor nie

eens kans kry om tee te drink nie.

Piet Kohl frons nou omdat hy nie weet wat dit met hom en Lukas te doen het as Stutterheims besluit het om sy geld 'n dag vroeër aan te vra nie. Daar word altyd dieselfde klerke gestuur. Dit is gewoonlik Flip Geer en Thys Venter wat Elsiesspruit met die blink motor besoek. Hulle neem dan gewoonlik 'n derde persoon saam, gewoonlik 'n vroueklerk wat op daardie tydstip nie veel werk het nie.

Piet Kohl sien dat Lukas sy bril afgehaal het en dit nou staan en skoonmaak.

,,Ek is jammer, maar julle twee sal moet gaan,'' sê die rekenmeester. ,,Die geld is nog nie uitgetel nie en julle sal moet spring om alles agtermekaar te kry. Om elfuur sal die beamptes van Stutterheims by die takkantoor wees om die geld te kry. Neem sommer enigeen van die meisies saam. Geer en Venter is vanoggend laat. Buitendien gaan mnr. Meiring oormôre met verlof, en Geer sal hom in elk geval as kassier moet aflos. En Venter kan jou plek oorneem sodra hy kom, Kohl. Ek dink ek verskuif jou sommer nou terug na grootboek-rekeninge toe. Julle sou tog oor twee weke omgeruil het. Maak dus gou. Laat Esterhuizen, die leningsklerk, julle help. Daar is nie meer veel tyd oor nie. Dit is halfnege.''

Die rekenmeester wat intussen agter sy lessenaar opgestaan het, gaan sit weer. Hy sluit die linkerhandse laai van die lessenaar oop en oorhandig 'n bos sleutels aan Lukas, Piet Kohl se senior.

,,Die motor is in die garage. Daar is petrol genoeg. . . Alles in orde. Ek hoop nie Stutterheims maak 'n gewoonte daarvan om sy geld 'n dag vroeër te wil hê nie.''

Lukas laat die sleutels vinnig in sy broeksak ingly en dan verlaat hulle die klein kantoortjie.

Nors merk Kohl aan Lukas op:

,,Dit is nou vir jou 'n ding! Waarom kon Venter en Geer nie ook vroeër gekom het nie?''

,,Dit ontwrig my so. Ons kan ons maar klaar maak vir twee harde dae se werk, Piet. Teen die tyd dat ons in die aand by die losieshuis aanland, sal dit al agtuur wees.''

Piet Kohl gooi sy kantoorbaadjie af en trek die ander een aan. Christa lewer 'n paar tjeks aan hom terug wat nie behoorlik voltooi



is nie en wat hy Saterdag, in sy oorhaastigheid om by die rugbywedstryd te kom, laat deurglip het.

,,Wat is dit weer?'' kom dit vererg van Piet Kohl.

,,Dit is 'n lieflike geskenk. Die een se datum is verkeerd en die ander een het 'n korreksie op wat nie geparafeer is nie.''

Piet Kohl hou van Christa, maar hy weet dat Christa en die gebrilde Lukas feitlik al aan hulle troudag dink. Hy het 'n voëltjie hoor fluit dat dit nog voor die einde van Oktober gaan gebeur.

,,Het jy baie werk?'' vra Piet Kohl skielik en kyk haar vriendelik aan.

,,Nie eintlik nie. Oormôre sal my werk eers begin.''

,,Wil jy nie saam met my en Lukas gaan nie?''

,,Waarheen?''

,,Ons gaan uitbetaal op Elsiesspruit.''

,,Graag, maar wat. . .?''

,,Die baas het gesê ons kan enigeen saamneem. Kom jy?''

,,Natuurlik.''

Christa en Piet kyk gelyktydig na Lukas se hokkie, maar hy is nie daar nie. Hy staan by die telefoon by die verste hoek van die toonbank waar die dame in die navrae-hokkie gewoonlik werk. Die blondine wat so daarvan hou om met die kliënte 'n onnodige praatjie aan te knoop, is egter nie daar nie.

Lukas staan met sy rug na die klerke toe en hy leun met sy elmboë op die toonbank. Christa wonder vir wie Lukas so vroeg bel, en Piet kry 'n kans vir 'n grappie.

,,Foeitog, Christa, moet hom nie gaan steur nie. Hy bel seker sy ander nooi.''

Sy lag, en Piet is seker dat sy die mooiste meisie in Johannesburg is.

Sy draai om en gaan na haar tafel toe by die groot imponerende tikmasjien. Sy trek dadelik haar jas aan, want dit is bra koud.

Lukas praat nie lank oor die telefoon nie en kom dan haastig terug na sy hokkie.

,,Piet, gaan haal jy die portmanto by Esterhuizen. Die assistentrekenmeester sal die brandkas moet raadpleeg vir daardie R120.000 om presies te wees. Moet nie dat ons onnodig draai nie, Piet. Ons moet hier uit voordat die mense begin instroom. Dit sal

goed wees as ons om tienuur op Elsiesspruit kan wees."

,,Jy lyk skielik geesdriftig om te gaan, Lukas," spot Piet weer.

Lukas antwoord nie en Piet sê oor sy skouer toe hy wegstap om na Esterhuizen te gaan:

,,Christa gaan saam vir hulp. Is jy bly?"

Lukas kyk vinnig op en is skielik bleek. Hy staar Piet ondersoekend aan.

,,Wie sê dat sy saamgaan?"

,,Ek sê so. Ek dag jy sal bly wees, maar dit lyk eerder of jy 'n spook gesien het."

Lukas kyk vinnig weg en draai dan sy rug op Piet terwyl hy begin om die geld van die toonbank af te stoot.

,,Christa kan nie saamgaan nie. Dit is belaglik."

,,Hoekom? Jy weet dat twee van ons die wrk nie kan behartig nie. Daar gaan gewoonlik twee kassiers en 'n vroulike assistent. Wat het oor jou lewer geloop, Lukas?" kom dit verbaas van Piet Kohl.

,,Christa kan nie saamgaan nie. Ek sal iemand anders vra," brom Lukas en gaan voort met sy werk.

Piet Kohl trek sy skouers op en stap na Esterhuizen toe wat alreeds by die brandkas vir hom staan en wag.

Om vyf minute vóor nege is Lukas en Piet gereed om te vertrek. Esterhuizen laat 'n outomatiese rewolwer in Lukas se sak gly. Dit is 'n reël en pure gewoonte dat een van die klerke gewapen moet wees wanneer hulle die dag op Elsiesspruit gaan werk. Nie dat daar gevaar bestaan dat hulle beroof kan word nie, maar dit is 'n reël van Hoofkantoor dat een klerk bewapen moet wees wanneer geld van die een na die ander bank vervoer word.

Piet Kohl dra die portmanto en hulle gaan by die agterdeur uit. Net toe Lukas die garage oopstoot, kom Christa aangehardloop.

,,Julle wil sommer sonder my wegry!" berispe sy vir Lukas en kyk hom verwytend aan.

Piet sien weer dat Lukas bleek word.

,,Waar gaan jy heen, Christa?" kom dit duidelik onthuts.

,,Is jy laf? Ek gaan saam met julle!"

Lukas lek oor sy droë lippe. Piet maak asof hy niks sien en hoor nie en gooi die portmanto met geld op die agterste sitplek.



,,Maar, wie. . . wie sê jy kan hier gemis word, Christa? Ek is met Piet se hulp mos mans genoeg vir die taak."

Christa bloos. Sy kan hierdie reaksie van Lukas nie verstaan nie.

,,Wel, blykbaar sal jy dan maar met my opgeskeep moet sit, mnr. Meiring. Ek het die baas gaan vra en hy het gesê dat hy maar te bly sal wees as ek gaan, want al die ander meisies is besig. Daar het jy dit!"

,,Wel. . . " lag Lukas 'n droë laggie, ,,wel, ek wil jou natuurlik dolgraag saamhê, maar dit sal regtig nie nodig wees nie."

,,Bog met Lukas, Christa. Klim in," sê Piet. ,,Daar is werk vir agt klerke. Wat se bog praat jy alles, Lukas?"

Christa voel ineens nie lekker nie. Sy weet glad nie hoe sy Lukas se houding moet vertolk nie. Sy trek haar effens reg en loop dan by Lukas verby en klim agter by Piet in. Piet het dit nie verwag nie, aangesien hy gemeen het dat sy van hierdie geleentheid gebruik sal maak om langs Lukas te sit, die man aan wie sy feitlik verloof is, al dra sy geen verloofring van hom nie.

Lukas neem agter die stuurwiel plaas. Hy sê nie 'n woord nie en die motor kom in beweging. Weldra seil hulle in die hoofstraat af. Die verkeer is druk en dit gaan moeilik om eers buite die stad te kom. In die buitewyke kan mens maar jaag. Toe die motor se snoet eers weswaarts staan, trap Lukas die petrolpedaal vol oop en die motor skiet oor die teerstraat.

Hy hoor Christa en Piet opgewek gesels, maar hy steur hom nie aan at hulle te sê het nie. Die uitdrukking op sy gelaat is stroef, vasberade.

,,Hoekom so vinnig, Lukas? As ons halfelf daar is, is dit tyd genoeg?" roep Christa van agter af.

,,Ek wil tienuur oopmaak. Hoe gouer ons aan die werk spring, hoe beter. Ek is seker Geer en Venter het altyd langs die pad gedraai, en dis waarom hulle saans so laat tuisgekom het."

,,Ek is bly om te sien dat jy so 'n ywerige mens is, Lukas," spot Piet. ,,Dit is seker maar so wanneer 'n man trouplanne het."

Lukas kyk voor hom in die pad. Hy sit gespanne, en die ander twee kan dit albei merk. Net om iets te sê, merk Piet weer op:

,,Wanneer haak jy en Lukas af, Christa?"

Sy bloos.

,,Ek weet nie of Lukas dit so ernstig bedoel nie,'' antwoord sy, maar daar is geen reaksie van Lukas nie, hoewel sy dit so hard gesê het dat hy dit moes gehoor het.

'n Rukkie is dit weer net die gedreun van die motor en die swiepgeluide wat deur die bosse en bome veroorsaak word wanneer hulle rakelings verbyskiet.

,,Ry stadiger, Lukas, of ek klim in die ry uit, so waar!'' merk Piet laggend op.

,,Toe maar, 'n Ford hou lank as daar met hom gejaag word,'' antwoord Lukas terug.

Toe hulle die dorpie Elsiesspruit binnegaan, ry hulle eers oor die Jukskeirivier. Lukas toet drie keer hard toe hy oor die laagwaterbrug snel.

,,Waaroor toeter jy so verskriklik?'' vra Christa.

,,Is dit nie vir jou mooi om 'n Ford se toeter te hoor nie?''

Hulle ry nou in die enigste teerstraat van die fabrieksdorpie. Hulle sny by die winkels verby en dan draai Lukas agter 'n rooibaksteengebou in. Voor die agterdeur wat getralie is, hou hy stil en spring uit nadat hy eers vir Piet en Christa gewys het dat hulle moet bly sit. Binne enkele oomblikke het hy die deure ontsluit, en nou wink hy vir Piet om die portmanto maar te bring.

Lukas sluit dadelik 'n klein brandkassie oop. Die brandkassie staan agter die toonbank. Die portmanto word daarin gelig en die brandkassie weer gesluit. Dan gooi Lukas die bos sleutels na Piet toe en beveel spottend:

,,Sluit die voordeur oop en roep kiep-kiep.''

Christa verbaas haar. Lukas maak selde 'n grap. Sy beskou hom aandagtig, sy bewegings en die uitdrukking op sy gesig. Sy besluit dat hy net maak asof hy opgewek is. In werklikheid lyk hy bekommerd.

Die voordeur gaan oop en die verkwikkende sonstrale val na binne. Voor die bankgebou is 'n kaal veld. Links staan die naaste huis sowat 'n tweehonderd tree van die bank af. Regs is die hotel, ongeveer 'n honderd tree weg. Agter die gebou is net een kaal vlakte, met 'n pan vol water wat in die sonlig lê en skitter.

,,Jy het dit in 'n rekordtyd gedoen, Lukas,'' merk Piet op.

,,Hoe laat het jy dit?'' vra Lukas. Hy gaan staan agter die



toonbank en begin die laaie skoonmaak en die geldhokkies langs hom regsit.

,,Dit is kwart voor tien. Ons is vyf minute voor nege daar weg en deur die drukke verkeer van Johannesburg. Jy raak goed.

Lukas kyk om na die deur en dan begin hy die los geld wat hulle saam gebring het, in verskillende hokkies te rangskik.

'n Volle kwartier gaan verby en niemand daag op nie.

,,Jy het verniet so gejaag,' verbreek Piet Kohl langs Lukas die stilte.

,,Dit is nie verniet nie. Ons is nou kant en klaar. Ons hoef nie nog geld reg te pak wanneer ons geld moet uitbetaal en ontvang nie.''

Skielik maak iemand voor die deur keel skoon. Eers val 'n lang skaduwee die vertrek binne en dan kom 'n omie die bank binne. Hy het 'n swaar jas aan en kom staan reg voor Lukas by die toonbank.

,,Môre, Meneer,'' sê hy. ,,Ek ken jou nie. Ek het die ander goed geken. Waar is Geer en Venter?''

,,Ons het met hulle geruil, Omie. Ons neem nou hulle plekke vir 'n rukkie.''

Die oubaas stoot skamerig en huiwerig 'n klein tjekkie van R10 onder die kopertralies deur.

,,Wissel dit tog vir my ou seun,'' vra hy.

Lukas trek die tjek nader, bekyk dit en stempel dit, en dan is daar 'n geskuifel by die agterdeur waar hulle ingekom het. 'n Klop volg en Lukas voel dat hy hoendervleis word. Die agterdeur piep toe dit oopgedruk word. Sonder om om te kyk beveel Lukas.

,,Kyk wie is daar, Piet.''

Hy begin die geld stadig, baie stadig, aan die ou omie uit te tel en terselfdertyd luister hy.

,,Môre,'' groet 'n man in 'n basstem. ,,Môre. Ons is 'n bietjie vroeg, maar dit sal seker nie saak maak nie.''

Piet staar in die oë van 'n lang man, half krom. Hy het 'n swart jas aan en dit lyk half asof sy rug 'n effense gebrek het, want dit staan rond teen sy jas uit. Op sy kop is 'n grys hoed. Langs hom staan 'n kort mannetjie met hoë voorhoof en 'n bril op die oë.

,,Wie. . . wie is julle as ek mag vra?'' kom dit stotterend van Piet.

Waar sy by die tafel sit en werk, draai Christa om en kyk die twee mans stip aan. Sy voel 'n koue rilling langs haar ruggraat afgaan. Sy